HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

Nuusbrief

4 November 2020

Beste leerders, ouers, voogde en personeel

Ek vertrou dit gaan goed met julle. Baie sterkte met die laaste skof van die jaar en ek vertrou dat ’n geseënde tyd sal wees.

1. **Akademie**
   Na aanleiding van die afgelope toetsreeks is dit so dat baie leerders met ’n skok agtergekom het dat hulle kennis en vaardighede nie op standaard is nie. Die druk wat gewoonlik deur die Mei/Junie-eksamen veroorsaak is, is nou deur die toetsreeks in die derde kwartaal bevestig. Dit is op ’n baie laat stadium, maar ons weet deur ’n spanpoging kan elke leerder volgens sy potensiaal presteer.

   Dit is nou die tyd wat ons karakter moet wys en sorg dat ons fokus om die onhoud van vakke onder die knie te kry. Die meeste leerders in gr. 10 en 11 sien hulle onderwysers nog net twee keer, voordat die eksamen begin. Dus moet leerders seker maak dat hulle die inhoud van vakke verstaan en dit inoefen.

   Ouers moet weet dat ons as personeel net so bekommerd is oor sekere leerders se punte en ons sal alles in die stryd werp om elke leerder volgens sy/haar potensiaal te laat presteer.

   Baie geluk aan die leerders wat ten spyte van ongewone tye nog steeds puik presteer.

   Ek het gister hierdie mooi gebed van Oom Solly Ozrovech gelees en dit is so van toepassing op ons leerders wat eksamen skryf.

   Liewe Jesus

   U is die oorsprong van alle wysheid en kennis
   Ons buig in verwonderde aanbidding voor U.
   Hierdie maand wil ons alle leerders en studente aan U opdra, omdat dit die maand is waarin hulle kennis getoets sal word.

   Ons bely saam met die Spreukeskrywer: *Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat wysheid en opvoeding geringag (Spr. 1:7)*

   Gee aan almal wat eksamen skryf – en ook aan die wat worstel met die eksamen van die lewe – U vrede wat alle verstand te bowe gaan.

   Versterk hulle met verstandelike, liggaamlike en geestelike gesondheid en gee hulle kalmte onder druk.

   Versterk hulle oë – sodat hulle met onderskeiding sal lees en die dinge waarop dit werklik aankom, sal kan onderskei.

Beheer en orden hulle gedagtes sodat hulle logies kan dink. Maak hulle hande sterk en ferm daarom wat hulle geleer het met vertroue weer te gee.

Ons dank U vir almal wat in hierdie tyd in liefde aan hulle dink en vir hulle bid. Wees nou elke dag van hulle lewe die Weg waarop hulle moet wandel, die Waarheid wat hulle moet leef.

In die Naam van die liefdevolle Leermeester aan wie se voete ons sit.

Amen

1.1. Eksamen-/toetsrooster

Ons het op Woensdag 4 November 2020 toestemming van die WKOD-distrikskantoor gekry om met ons November-eksamen, soos ons dit beplan het, voort kan gaan. Aangeheg is die eksamenrooster, die spesifieke tye wanneer leerders skryf, sal later in ’n volledige eksamenboekie aan julle gegee word.

2. Personeel

2.1. Nuwe personeel 2021

Die volgende persone is vir 2021 in beheerliggaamposte aangestel:

2.1.1. Opvoeders

English First Additional Language – Mev. Marlene Roux, Afrikaans Huistaal – me. Sulene Lombaard, Ontwerp, Visuele Kunste en Skeppende Kunste – mej. Karla Meyer, LO en Geskiedenis – mnr. Evert Kleynhans. Mag die onderwysers ’n geseënde loopbaan by Hoërskool Outeniqua hê.

2.1.2. Ondersteuningspersoneel

Die volgende personeel is as ondersteuningspersoneel aangestel: Kondisioneerder – mnr. Heinrich du Plessis en assistent onderwyser, sekretaresse by uittekenkantoor en hulp in die gimnasium: mej. Mininke van der Merwe.

2.2. Departementshoof Rekeningkunde en EBW.

Baie geluk aan mev. Ronel Hattingh wat met die aanvang van 1 Januarie 2021 as departmentshoof aangestel is. Baie sterkte met die nuwe uitdagings en ons vertrou dat dit vir jou ’n verrykende ervaring sal wees.

2.3. Adjunkhoof:

Baie geluk aan mnr. Fillip Venter wat van 1 Januarie 2021 as adjunkhoof van die Hoërskool Outeniqua aangestel is. Hy is tans ’n interne adjunkhoof by die Hoërskool Duineveld in Upington. Ons wens hom ’n geseënde loopbaan by Hoërskool Outeniqua toe.

2.4. Direkteur van die Eden en Sentraal Karoo

Mnr. Joel Jonkers (Oud-ouer van die Hoërskool Outeniqua) is vanaf 1 November aangestel as direkteur van ons onderwysdistrik. Ons wens hom alle sterkte en seën toe.

2.5. Superintendent Generaal van die Wes-Kaap Onderwysdepartement

Mnr. Brain Schreuder (SG van die Wes-Kaap Onderwysdepartement) tree op 31 Maart 2021 af. Mnr. Brent Walters is van 1 April 2021 in sy plek aangestel. Ons wens hom alle sterkte en seën in die uitdagende pos toe.

3. Begroting 2021

Baie dankie aan die ouers wat die begrotingsvergadering bygewoon het. Die ouers teenwoordig het eenparig die begroting van 2021 goedgekeur. Die skoolgeld vir 2021 het met 5,5% verhoog.

Aangeheg vind julle 'n uiteensetting van 2021 se skool- en koshuisgeld.

	PER JAAR	**PER KWT**	**PER 10 MNDE**
ONDERRIGGELD	24 140,00	6 035,00	2 414,00
2,5% afslag indien voor 28 Feb. 2021 betaal	23 536,00		
OOMPIE MEYER	27 064,00	6 766,00	2 706,00
2,5% afslag indien voor 28 Feb. 2021 betaal	26 387,00		
BEYERS TE HUIS	28 432,00	7 108,00	2 843,00
2,5% afslag indien voor 28 Feb. 2021 betaal	27 721,00		
GASVRYHEISSTUDIES	1 600,00	400, 00	160,00

Baie dankie aan elke ouer wat sy/haar kind se skoolgeld betaal.

4. VRL- en hoofleerders

Baie geluk aan die volgende leerders wat VRL en as hoofleerders verkies is.

4.1. VRL/Kwaggaraad 2020/2021

Graad 8(2020) Graad 9(2021)
1. Nicolaas Duvenage
2. Emma Lutsch
3. Ruben Rossouw

Graad 9(2020) Graad 10(2021)
1. Louisa Campher
2. Ashwen Damons
3. Carla Krüger

Graad 10(2020) Graad 11(2021)
1. Antonio Bruiners
2. Mila Barnard
3. Caro Giliomee
4. Kelsey Julies
5. Philip Myburgh

Graad 11(2020) Graad 12(2021) Seuns:
1. Nic Geldenhuys
2. Louhan Janse van Rensburg
3. Oliver Kurz
4. Ulrich Labuschagne
5. Evert Marais
6. Ludik Müller
7. Aiden Strydom
8. Christopher Terblanche
9. Juan Terblanche

Graad 11(2020) Graad 12(2021) Dogters:
1. Lané Coertze
2. Carina Duvenage
3. Deonell Grobler
4. Franche Meyer
5. Lize-Ann Minnie
6. Kaley Muller
7. Lise Norman
8. Elize Smook
9. Joslin Swanepoel

Hoofleiers 2021
1. Amy Wessels (Hoofdogter)
2. Anuk Maloney (Onder hoofdogter)
3. Ruben Groenewald (Hoofseun)
4. Wihan Ferreira (Onder hoofseun)

VRL 2021

Voorste ry van links: Amy Wessels (Hoofdogter), Franche Meyer, Lise Norman, Kaley Muller, Carina Duvenage, Caro Giliomee, Deonell Grobler, Lize-Ann Minnie, Louisa Campher, Kelsey Julies.

Tweede ry van links: Lané Coertze, Anuk Maloney (Onderhoofdogter), Louhan van Rensburg, Nic Geldenhuys, Christopher Terblanche, Joslin Swanepoel, Nicolaas Duvenage, Elize Smook, Mev. R. Hattingh (VRL-voog)

Derde ry van links: Mnr. C. Vorster, Evert Marais, Carla Kruger, Mila Barnard, Ulrich Labuschagne, Aiden Strydom, Antonio Bruiners, Juan Terblanche, Ashwen Damons

Agterste ry van links: Emma Lutsch, Phillip Myburg, Ruben Rossouw, Ruben Groenewald (Hoofseun), Oliver Kurz, Ludik Müller, Wihan Ferreira (Onderhoofseun)

HOOFLEERDERS 2020/2021

Voorste ry van links: Amy Wessels (Hoofdogter), Anuk Maloney (Onderhoofdogter), Ruben Groenewald (Hoofseun) en Wihan Ferreira (Onderhoofseun)
Agterste ry van links: Mnr. C. Vorster en mev. R. Hattingh (VRL-voog)

4.2. Koshuisprefekte

4.2.1. OMK

Voor van links: M. Eygelaar, Judeke Balt, Tertia Grey, Zoë Kolver, Franche Meyer.
Agter van links: Johanni van der Hoven, Julia Markram (Onderhoofdogter), Kaylee Jones, Anuk Maloney (Hoofdogter), Mnr C. Vorster

4.2.2. BTH

Voor van links; Mnr. Els (Superintendent), Andries Ludick, Aubrey Adams (Onderhoofseun), Christopher Terblanche (hoofseun)
Agter van links: Ulrich Labuschagne, Lahluma Dyantyi, Aiden Strydom, Wihan Ferreira
Afwesig: Oliver Kurz

5. Kwagga Gholfdag – FANCOURT: Vrydag 27 November

Daar is nog ‘n paar vierballe beskikbaar, sowel as geleentheid vir borge op die baan.

Pryse en veiling-items is altyd welkom.

Daar is ook slegs 25 “Black Friday “ lootjies teen R1000 beskikbaar – die WENNER ontvang R10 000 kontant + ‘n diamant gewaardeer R10 800!

KONTAK : Ronél Lamprecht/Berneen Müller by die bemarkingskantoor – 083 632 6657/bemarking@outeniqua.co.za

Kwagga groete

C. P. Vorster
Skoolhoof